higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GSN220**(A)**(M22)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

REKENAARPRAKTYK N5

(6030165)

22 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye en 1 antwoordblad.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REKENAARPRAKTYK N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

   AFDELING A: Teorie (30 punte)
   AFDELING B: Woordverwerking (70 punte)
   AFDELING C: Sigblad (70 punte)
   AFDELING D: Databasis (30 punte)

   AFDELING A VRAAG 1 en 2 moet op die aangehegte ANTWOORDBLAD beantwoord word en in die EKSAMENOMSLAG geplaas word. Ongeveer 30 minute moet aan hierdie afdeling afgestaan word.

   AFDELING B word met behulp van 'n woordverwerkingsprogram gedoen. Ongeveer 1 uur moet aan hierdie afdeling afgestaan word.

   AFDELING C word met behulp van 'n sigbladprogram gedoen en ongeveer 1 uur moet aan hierdie afdeling afgestaan word.

   AFDELING D word met behulp van 'n databasisprogram gedoen en ongeveer 30 minute moet aan hierdie afdeling afgestaan word.

2. Die toegelate tyd vir die vraestel is DRIE uur. Antwoorde moet gedruk word in die DRIE uur toegelaat vir insleuteling.

3. Werk moet gereeld gestoor word om tydens 'n kragonderbreking verlies te voorkom van data wat reeds ingesleutel is. Slegs die tyd vir die duur van die kragonderbreking sal bykomend toegelaat word – GEEN ekstra tyd sal vir verlies van werk toegelaat word nie.

4. In geval van 'n kragonderbreking of 'n rekenaar of drukker wat onklaar raak, sal die toesighouer die nodige reëlings tref vir die kandidaat om voort te gaan en die werklike verlore tyd sal bygevoeg word.

5. Indien daar 'n probleem met sekere drukkers is, byvoorbeeld 'n ê word nie gedruk nie, moet 'n verslag hieroor saam met die sentrum se DRUKSTUKKE gestuur word.

Kopiereg voorbehou

6. Kandidate mag 'n woordeboek en 'n ASCII-kodelys gebruik. GEEN studiemateriaal (aantekeninge, handboeke of inligtingstukke) mag in die eksamenlokaal ingeneem word nie.

7. 'n Speltoetser mag gebruik word.

8. Elke antwoord moet op 'n afsonderlike bladsy en slegs aan EEN KANT van die bladsy gedruk word.

9. DRUKSTUKKE wat nagesien moet word, moet in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel gerangskik word. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag mag ingegee word.

10. In AFDELING B van die vraestel mag slegs COURIER NEW 12 pt gebruik word. In AFDELING C en AFDELING D mag Courier New 12 pt, Calibri 11 pt of Arial 10 pt gebruik word. In AFDELING B moet kantruimtes van 2.54 cm/1" gebruik word tensy anders aangedui word.

11. GEEN vraestel mag uit die eksamenlokaal geneem word voor minstens EEN uur na die aanvang van die laaste sessie nie.

12. Die EKSAMENNOMMER van die kandidaat en die SENTRUMNOMMER moet op die buiteblad van die EKSAMENOMSLAG geskryf word en die sagtewareweergawe (byvoorbeeld MS Office 2010) moet boaan die buiteblad aangedui word.

13. MAAK seker dat elke DRUKSTUK die EKSAMENNOMMER en die VRAAGNOMMER vertoon soos aangedui.

14. Handgeskrewe EKSAMENNOMMERS is NIE aanvaarbaar nie. GEEN antwoorde sonder EKSAMENNOMMERS sal nagesien word nie.

15. In geval 'n vraestel in meer as een sessie by 'n sentrum geskryf word, moet toesighouers verseker dat ALLE antwoorde van kandidate van die hardeskywe of netwerke verwyder is voordat die kandidate vir die volgende sessie in die lokaal toegelaat word.

16. Aan die einde van die eksamensessie moet elke kandidaat ALLE DRUKSTUKKE asook die disket met die gestoorde antwoorde (behoorlik gemerk met die kandidaat se EKSAMENNOMMER) ingegee. Indien werk op die aandrywer/netwerk gestoor is, moet toesighouers dit op 'n kompakskyf/geheuestokkie stoor en die antwoorde moet van die aandrywer/netwerk uitgevee word. Antwoorde moet vir ten minste SES maande bewaar word in geval van navrae.

17. GEEN kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat druk, sy/haar disket vir 'n ander kandidaat beskikbaar stel of toegang tot 'n ander kandidaat se werk op die netwerk verkry nie. Enige poging om toegang tot ander kandidate se inligting te verkry of om inligting op enige manier na ander kandidate oor te dra is 'n oortreding van die eksamenreëls en sal in 'n ernstige lig beskou word.

Kopiereg voorbehou

WAG VIR DIE INSTRUKSIE VAN DIE TOESIGHOUER VOORDAT JY OMBLAAI.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: TEORIE

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD neer.

1.1 Chirurge kan delikate operasies uitvoer deur toestelle met behulp van rekenaars te manipuleer in plaas van om dit met die hand te doen. Hierdie tegnologie is bekend as …

A robotika.
B rekenaarforensies.
C simulasie.
D voorspelling.

1.2 Tegnologie wat nie deur kopiereg beskerm word nie en vir almal beskikbaar is, word beskou as ...

A eienaarsreg (*proprietary*).
B oop.
C eksperimenteel.
D kopieregvry.

1.3 Die rekenaarfunksie wat data na inligting manipuleer word … genoem.

A programmering
B prosessering
C stoor
D organisering

1.4 Nadat 'n foto deur 'n digitale kamera geneem is en dan geprosesseer is, word die druk van die foto as … beskou.

A data
B afvoer
C invoer
D die proses

1.5 Die SVE (*CPU*) en geheue van die rekenaar is op die …

A uitbreidingsbord (*expansion board*).
B moederbord (*mother board*).
C stoortoestel (*storage device*).
D afvoertoestel (*output device*).

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies die korrekte woord of woorde uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.1–2.4) op die aangehegte ANTWOORDBLAD neer.

2.1 (Toepassings-/Oop) sagteware help jou om take uit te voer soos om 'n dokument in te sleutel of 'n sigblad te skep.

2.2 Wanneer die rekenaar aan die (internet/intranet) gekoppel is, kommunikeer dit met 'n bediener by jou internetdiensverskaffer [IDV (*ISP*)].

2.3 (Hooframe/Superrekenaars) is rekenaars wat honderdduisende gebruikers gelyktydig bedien.

2.4 WTG (*RAM*)/LAG (*ROM*) is die algemeenste soort geheue wat die rekenaar gebruik om data te prosesseer.

(4 × 1) **[4]**

VRAAG 3

Maak die lêerstruktuur in die REKENAARPRAKTYK N5-lêergids oop.

Voeg jou EKSAMENNOMMER links en die VRAAGNOMMER regs in as kopskrif (*header*). Maak 'n DRUKSTUK en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.



3.1	3.1.1	Skep die lêergids (*folder*) KOFFIEBONE.	(1)
	3.1.2	Skuif albei die lêergidse KOFFIE en KAFEÏENDRANKIES na die KOFFIEBONE-lêergids.	(2)
	3.1.3	Verander die naam van die lêer NESCAFE na NESCAFE GOLD in die KOFFIE-lêergids (*folder*).	(1)
	3.1.4	Skep 'n Excel-lêer met die naam DOUWE EGBERTS in die KOFFIE-lêergids (*folder*).	(1)
	3.1.5	Skep 'n sublêergids (*subfolder*) in die KOFFIE-lêergids met die naam ARABICA.	(1)
	3.1.6	Skuif die sublêergids ROBUSTA uit die KAFEÏENDRANKIES-lêergids (*folder*) na die KOFFIE-lêergids.	(1)
	3.1.7	Vertoon die inhoud van die KOFFIE-lêergids. Maak 'n skermdruk van hierdie opdragte. Verseker dat die kopskrif korrek is.	(1)
3.2	3.2.1	Skep 'n sublêergids in die KAFEÏENDRANKIES-lêergids met die naam ENERGIEDRANKIES.	(1)
	3.2.2	Skep 'n PowerPoint-lêer ENERGADE in die ENERGIEDRANKIES-lêergids.	(1)
	3.2.3	Skep 'n Access-lêer TWEEZA in die ENERGIEDRANKIES-lêergids.	(1)
	3.2.4	Vertoon die inhoud van die ENERGIEDRANKIES-lêergids. Maak 'n skermdruk van hierdie opdragte. Verseker dat die kopskrif korrek is.	(1)
3.3	3.3.1	Skuif die COKE-lêer uit die KOFFIE-lêergids na die KAFEÏENDRANKIES-lêergids.	(1)
	3.3.2	Hernoem die COKE-lêer in die KAFEÏENDRANKIES-lêergids na COKE LITE.	(1)
	3.3.3	Skrap die RED BULL-lêer uit die KAFEÏENDRANKIES-lêergids.	(1)
	3.3.4	Vertoon die inhoud van die KAFEÏENDRANKIES-lêergids. Maak 'n skermdruk van hierdie opdragte. Verseker dat die kopskrif korrek is.	(1)
3.4		Verander die eienskap (*attribute*) van die JACOBS-lêer in die KOFFIE-lêergids na 'n leesalleenlêer.	(2)
		Maak 'n skermdruk van hierdie opdrag. Verseker dat die kopskrif korrek is.	(1)

Kopiereg voorbehou

3.5 Vertoon die bedryfstelsel (*operating system*) en die grootte van die WTG (*RAM*) van die rekenaar. (2)

Maak 'n skermdruk van hierdie opdrag. Verseker dat die kopskrif korrek is. **[21]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4B

Hierdie dokument is reeds as VRAAG 4A ingesleutel.

4.1 Herwin die dokument gestoor as VRAAG 4A.

4.2 Redigeer die dokument volgens die instruksies hier onder en soos aangedui in die teks op die volgende bladsye.

4.3 Verander die kopskrif (*header*) na VRAAG 4B regs en voeg jou EKSAMEN-NOMMER links in. Maak seker jy gebruik dieselfde font en fontgrootte as in die res van die dokument.

4.4 Verander die linker- en regterkantruimte van die dokument na 2.54 cm/1".

4.5 Voeg die volgende voetnota in waar aangedui in die teks in die formaat 1:
"Nasionale koffiedrink," 2012

4.6 Nommer die reëls in die paragraaf wat begin met 'Die plant is uit Afrika ... Robusta.' en begin met 10.

4.7 Voeg bladsynommers regs onder in op al die bladsye.

4.8 Voeg die eindnota in vetdruk in aan die einde van die afdeling waar aangedui in die teks:
bv. Espresso, French press, Café latte, ens.

4.9 Soek die woord "energie" en verander dit na vetdruk, 14 pt.

4.10 Stoor die dokument as VRAAG 4B.

4.11 Druk die dokument en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4B (VERVOLG)

Wat is koffie? **Goudy Stout 16 pt, bokas, vetdruk, gesentreer**

Koffie is 'n drankie wat gebrou word van geroosterde koffiebone wat die sade is van die bessies van die koffieplant.

Begin by 10 en nommer elke reël

Die plant is uit Afrika uitgevoer na lande oor die wêreld heen en koffieplante word nou in meer as 70 lande gekweek, hoofsaaklik in die ekwatoriaalgebiede van die Amerikas, Suidoos-Asië, Indië en Afrika. Die twee algemeenste soorte is die hoogaangeskrewe Arabica, en die minder gesofistikeerde maar sterker en meer geharde Robusta.

Wanneer dit ryp is, word die koffiebessies gepluk, verwerk en gedroog. Gedroogde koffiesade (boontjies genoem) word tot verskillende grade gerooster afhangende van die vereiste geur. Geroosterde boontjies word gemaal en gebrou met water net onder kookpunt tot koffie as 'n drankie.

Koffie is effens suurvormend en kan 'n stimulerende effek op mense hê weens die kafeïeninhoud. Dit is een van die gewildste drankies in die wêreld en kan op verskillende maniere[i] **(Voeg eindnota in)** berei en voorgesit word. Dit word gewoonlik warm bedien, hoewel yskoffie ook bedien word. Volgens kliniese studies is matige koffieverbruik goed of effens voordelig vir gesonde volwassenes. Navorsing duur voort om vas te stel of langtermynverbruik kognitiewe agteruitgang in veroudering teenwerk of die risiko van sommige kankers verminder.

Koffie is 'n belangrike uitvoerkommoditeit: dit is talle lande se belangrikste landbou-uitvoerproduk en ook die grootste wettige landbou-uitvoerproduk van die wêreld. Dit is een van die waardevolste kommoditeite wat ontwikkelende lande uitvoer. Groen (ongeroosterde) koffie is een van die mees verhandelde landboukommoditeit in die wêreld. Koffieverbouing is wel gehul in omstredenheid en die manier waarop ontwikkelde lande met ontwikkelende lande handel dryf en die uitwerking van die verbouing van koffie op die omgewing rakende die opneem van grond rakende die verbouing van koffie en die waterverbruik. Gevolglik brei die markte uit vir eerlike koffiehandel en vir organiese koffieverbouing.

Skep 2 gelyke parallel-kolomme, justeer, woord-breking

_____bladsybreuk_____

VRAAG 4B (VERVOLG)

Kafeïen beïnvloed mense op verskillende maniere **bokas, vetdruk**

Ondanks meningsverskille oor die langtermynuitwerking stem gesondheidskenners saam dat mense verskillend op kafeïen reageer. Dit help sommige om 'n taak sinvol en gefokus aan te pak terwyl dit ander 'n opwelling van energie gee wat hulle gereelde gewoontes soos slaap onderbreek en hulle selfs hartkloppings of die bewerasie gee.

Keep eerste reël in

Besluit self hoe kafeïen jou beïnvloed en besluit of jy dit wil gebruik om jou met jou studies te help. Gebruik kafeïen en hou jou reaksies dop. As jy vind dat jy beter studeer na 'n sekere hoeveelheid kafeïen in jou sisteem is jy dalk een van daardie studente vir wie dit help in plaas van hinder.

Die hoeveelheid kafeïen bepaal die uitwerking **vetdruk, onderstreep**

Soos vroeër genoem kan kafeïen goed wees vir sekere studente terwyl groter hoeveelhede 'n probleem kan wees. Die meeste kenners sê 3-4 koppies koffie (vol kafeïen) is gesond en benadeel nie jou gesondheid nie. Maar as jy meer nodig het, kan jy probleme kry soos slapeloosheid of 'n gevoel van senuweeagtigheid of rusteloosheid. Hierdie newe-effekte sal jou studies negatief beïnvloed omdat dit jou aandag aflei van jou liggaam se reaksies en jy nie op jou studies sal konsentreer nie.

Jy kan dit ook oorweeg om net die helfte van 'n energiedrankie te drink omdat 'n blikkie meer as die aanbevole hoeveelheid bevat. As jy nie aandag gee aan die hoeveelheid wat jy drink terwyl jy studeer nie, kan jy later dalk probleme hê.

Eintlik kan kafeïen dus goed wees vir jou studies, maar dit hang af van jou as mens asook die hoeveelheid wat jy inneem. Die beste is om uit te vind of jy kafeïen nodig het om te studeer en dan nie meer te drink as wat nodig is nie. Matigheid is die goue reël!

Skrap paragraaf

Veertig persent van 18- tot 24-jariges, gewoonlik die ouderdom van studente, drink elke dag koffie[1]. **(Voeg voetnota in)** Daarby drink al meer 18- tot 24-jariges koffie in die plek van kafeïenryke koeldranke (Aubrey, 2013).

Vetdruk, 1.5 reël-afstand, justeer

‡

Voeg tabel in

MEER AS KAFEÏENLIMIET **vetdruk, onderstreep, sentreer**

Soort	Kafeïeninhoud per porsie (mg)	Porsie per mℓ
Gebroude koffie	135	250
Starbucks Espresso	70	30
Monster energie	160	480
Red bull	80	250
Mountain Dew	90	500
Coke	60	500

Kolom-opskrifte in kursief en gesentreer

[40]

VRAAG 5

As die geleentheidsorganiseerder by Prickly Taste Bud moet jy briewe aan lede stuur om hulle na 'n koffieproeaand uit te nooi.

VRAAG 5A

1. Gebruik die possaamvoegfunksie (*mail merge function*) om 'n datalêer te skep met die name en inligting in die tabel hier onder.

	BRIEF 1	**BRIEF 2**	**BRIEF 3**
NAAM	Melvin	Sammy	Mada
VAN	Breels	Kontoer	Vermeulen
ADRES	Ellastraat 54	Pinnaclestraat 35	Nolanweg 3
DORP	EKSAMENNOMMER	Mosselbaai	Boshoff
KODE	1485	6503	VRAAG 5A
TAFELNOMMER	10	2	5

2. Stoor die dokument as VRAAG 5A en druk dit in landskaporiëntasie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (7)

VRAAG 5B

1. Gebruik die possaamvoegfunksie (*mail merge function*) om die briewe aan die lede voor te berei (primêre dokument). Gebruik Courier New 12 pt.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER links en VRAAG 5B regs in as kopskrif (*header*). Maak seker jy gebruik dieselfde font en fontgrootte as in die res van die dokument.

3. Voeg velde in soos aangedui tussen hakies, byvoorbeeld [NAAM].

4. Onderstreep die veldname.

5. Verander die linkerkantruimte van die dokument na 3.81 cm/1.5".

6. Voeg 'n 3 pt-skaduraam (*shadow border*) om die hoofopskrif.

7. Stoor die dokument as VRAAG 5B en druk dit in portretoriëntasie.

8. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5B (VERVOLG)

KOFFIEPROEAAND **Algerian 16 pt, vetdruk, gesentreer**

‡

Tabelstop 10 cm/4" van die kantruimte
Posbus 2451
KIMBERLEY
8301

‡
Vandag se datum
‡
[ADRES]
[DORP]
[KODE]
‡
Beste [NAAM] [VAN]
‡
Hierdie verwys na die koffieproegeleentheid waar Doctor Victor en die Rusta Rebels sal optree en wat deur ons maatskappy Prickly Taste Bud georganiseer word vir 1 November 2019 by die Flamingo Casino, Kimberley. Die geleentheid begin om 19:00 in die Pienk Saal.
‡
Ons wil graag hê jy moet deel wees van hierdie klein gebaar om die verhouding te vier wat ons deur die jare gehad het. Jy sal aan tafel [TAFELNOMMER] sit.
‡
As gerekende gas met 'n lang verbintenis met die Prickly Taste Bud sal jou teenwoordigheid op prys gestel word.
‡
Ons sien daarna uit om jou te ontvang.
‡
Groete
‡‡

HALEY DU TOIT
Klubpresident **bokas**

(19)

VRAAG 5C

1. Voeg die dokumente VRAAG 5A en VRAAG 5B saam in 'n nuwe dokument.

2. Verander die kopskrif (*header)* na VRAAG 5C op AL die bladsye van die nuwe dokument.

3. Stoor die dokument as VRAAG 5C. Druk AL die saamgevoegde briewe in portretoriëntasie en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG.

(4)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 70

AFDELING C

VRAAG 6

VRAAG 6B

Hierdie dokument is reeds op jou disket/hardeskyf as V6A ingesleutel.

1. Herwin die sigblad gestoor as V6A van jou disket/aandrywer.

2. Verander die kopskrif na VRAAG 6B regsbelyn en voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn in.

3. Redigeer die sigblad volgens die instruksies hier onder en soos aangedui in die teks.

4. Voeg horisontale en vertikale lyne in en gebruik die metode waarmee jy bekend is.

5. Sorteer die sigblad volgens die SOORT-kolom in stygende volgorde.

6. Vertoon WAARDE as geldeenheid met TWEE desimale en % UITGEVOER as % met EEN desimaal.

7. Pas die kolomwydtes aan sodat die sigblad op EEN A4-landskapbladsy pas.

8. Stoor die sigblad as VRAAG 6B.

9. Druk die sigblad met ry- en kolomopskrifte en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6B (VERVOLG)

	A	B	C	D	E	F	G
1	KOFFIE-UITVOER ***merge*** **en sentreer, 18 pt, vetdruk, onderstreep**				**Voeg % WAARDE en TOTALE BEDRAG-kolom in**		
2	**Voeg oop ry in**						
3	LAND	SOORT	WAARDE	% UITGEVOER	% WAARDE	TOTALE BEDRAG	**Kursief**
4	Brasilië	Arabica	49000000	16%			
5	Viëtnam	Mengsel	32000000	11%			
6	Colombië	Arabica	25000000	8%			
7	Duitsland	Mengsel	23000000	8%			
8	Switserland	Mengsel	21000000	7%			
9	Italië	Arabica	15000000	5%			
10	Indonesië	Arabica	1000000	3%			
11	België	Mengsel	988100	3%			
12	VSA	Mengsel	931200	3%			
13	Res van die wêreld	Mengsel					
14	Totaal **Voeg in, 14 pt, bk, vetdruk,**	**regsbelyn**	179342000	100%	**Voeg totale in**		
15	**Voeg oop ry in**						
16	Hoogste waarde koffieproduksie						
17	**Voeg oop ry in**						
18	Laagste uitvoer % koffieproduksie	**Voeg teks in bokas in**					
19	**Voeg oop ry in**						
20	Getal produserende lande						
21							

(19)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6C

1. Herwin VRAAG 6B en verander die vraagnommer in die kopskrif na VRAAG 6C.

2. Bring AL die veranderinge aan soos aangedui hier onder en op die sigblad op die volgende bladsy.

3. Voeg formules in om die volgende berekeninge te doen waar letters van die alfabet verskyn:

   A WAARDE VAN RES VAN DIE WÊRELD = TOTALE WAARDE minus SOM van WAARDE

   B % UITGEVOER VAN RES VAN DIE WÊRELD = TOTALE % UITGEVOER minus SOM van % UITGEVOER

   C % WAARDE = WAARDE gedeel deur TOTALE WAARDE

   D TOTALE BEDRAG = WAARDE plus % UITGEVOER

   E TOTAAL van die TOTALE BEDRAG

   F Bepaal HOOGSTE WAARDE KOFFIEPRODUKSIE

   G Bepaal LAAGSTE UITVOER % KOFFIEPRODUKSIE

   H Bepaal GETAL PRODUSERENDE LANDE

4. Kopieer AL die formules na die ander selle soos op die sigblad aangedui.

5. Gebruik absolute selverwysing waar nodig.

6. Vertoon TOTALE BEDRAG en HOOGSTE WAARDE KOFFIEPRODUKSIE as geldeenheid met GEEN desimaal.

7. Vertoon % WAARDE as % met GEEN desimaal.

8. Vertoon LAAGSTE UITVOER % KOFFIEPRODUKSIE as % met TWEE desimale.

9. Vertoon GETAL PRODUSERENDE LANDE as heelgetal.

10. Pas die kolomwydtes aan om die sigblad op EEN A4-landskapbladsy te pas.

11. Stoor die sigblad as VRAAG 6C.

12. Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6C (VERVOLG)

	A	B	C	D	E	F	G
1	**KOFFIE-UITVOER WÊRELDWYD** **Voeg WÊRELDWYD in soos aangedui**						
2							
3	*LAND*	*SOORT*	*WAARDE*	*% UITGEVOER*	*% WAARDE*	*TOTALE BEDRAG*	
4	Brasilië	Arabica	R49 000 000,00	15,9%	**C**	**D**	
5	Colombië	Arabica	R25 000 000,00	8,0%			
6	Italië	Arabica	R15 000 000,00	5,0%			
7	Indonesië	Arabica	R1 000 000,00	3,3%			
8	Viëtnam	Mengsel	R32 000 000,00	10,5%			
9	Duitsland	Mengsel	R23 000 000,00	7,6%			
10	Switserland	Mengsel	R21 000 000,00	6,7%			
11	België	Mengsel	R988 100,00	3,2%			
12	VSA	Mengsel	R931 200,00	3,0%			
13	Res van die wêreld	Mengsel	**A**	**B**			
14	**TOTAAL**		R179 342 000,00	100,0%		**E**	
15							
16	HOOGSTE WAARDE KOFFIEPRODUKSIE			**F**			
17							
18	LAAGSTE UITVOER % KOFFIEPRODUKSIE			**G**			
19							
20	GETAL PRODUSERENDE LANDE			**H**			
21							

(23)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6D

1. Herwin die sigblad gestoor as VRAAG 6C en verander die vraagnommer in die kopskrif na 6D.

2. Vertoon the formules.

3. Versteek (*Hide*) kolom B.

4. Pas die kolomwydtes aan sodat alle formules leesbaar is.

5. Stoor die sigblad as VRAAG 6D.

6. Druk die sigblad op EEN A4-landskapbladsy met ry- en kolomopskrifte. Moet NIE die *fit-to-one-page* funksie gebruik nie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(11)

VRAAG 6E

1. Herwin die sigblad gestoor as VRAAG 6C.

2. Voeg VRAAG 6E regs as kopskrif in.

3. Skep 'n sirkelgrafiek om die % UITGEVOER vir die ARABICA-koffiesoort te vertoon.

4. Voeg die volgende grafiektitels in hoofletters oor TWEE reëls in:

   UITVOERPERSENTASIE ARABICA
   EKSAMENNOMMER

5. Vergroot (*Explode*) die grootste segment.

6. Vertoon die % waarde binne-in elke segment.

7. Vertoon die verklaring (*legend*) boaan die grafiek.

8. Stoor die grafiek as VRAAG 6E.

9. Druk die grafiek op 'n nuwe bladsy in landskaporiëntasie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(8)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6F

1. Herwin die sigblad gestoor as VRAAG 6C.

2. Voeg die kopskrif VRAAG 6F regs in.

3. Skep a lyngrafiek waarin die WAARDE en TOTALE BEDRAG vir elke LAND vergelyk word.

4. Voeg die volgende grafiektitels in hoofletters oor TWEE reëls in:

   VERGELYKING VAN LANDE SE UITVOERWAARDE
   EKSAMENNOMMER

5. Voorsien geskikte titels vir die X-as en die Y-as.

6. Geen verklaring moet vertoon word nie.

7. Vertoon die datatabel.

8. Stoor die grafiek as VRAAG 6F.

9. Druk die grafiek op 'n nuwe bladsy in landskaporiëntasie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(9)

TOTAAL AFDELING C: [70]

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 7

Skep 'n databasis met die lêernaam KOFFIE.

7.1 Skep die volgende struktuur:

VELD	SOORT/GROOTTE
LAND	Maksimum van 25 karakters
PRODUKSIE	Ja/Nee
SOORT	Maksimum van 20 karakters
BESTELLING	Heelgetal (*Integer*)
PRYS	Geldeenheid (*Currency*) met GEEN desimaal
EKSAMENNOMMER	Maksimum van 13 karakters

7.2 Stoor die dokument en druk die struktuur in portretorëntasie. Moet NIE enige eienskappe (*properties*) en indekse (*indexes*) druk nie.

[7]

VRAAG 8

8.1 Skep die volgende rekords in tabelformaat:

LAND	PRODUKSIE	SOORT	BESTELLING	PRYS	EKSAMENNOMMER
Brasilië	Ja	Arabica	5	R12 300 000	
Viëtnam	Ja	Robusta	6	R23 400 000	
Suid-Afrika	Nee	Mengsel	7	R34 500 000	
België	Ja	Arabica	8	R45 600 000	
Switserland	Ja	Arabica	5	R12 300 000	
Italië	Ja	Robusta	6	R23 400 000	
Skotland	Nee	Mengsel	1	R2 220 000	
Australië	Nee	Mengsel	2	R4 440 000	

8.2 Stoor die dokument en druk die rekords in landskaporiëntasie. (8)

8.3 Skrap die rekord van Skotland.

8.4 Voeg die volgende rekord in:

LAND	PRODUKSIE	SOORT	BESTELLING	PRYS
Zimbabwe	Nee	Mengsel	3	R5 555 500

8.5 Sorteer die inhoud van die databasis alfabeties volgens die land.

8.6 Stoor die dokument en druk die rekords in landskaporiëntasie. (4)

[12]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9

Skep 'n verslag en sluit die volgende inligting in:

9.1 Kolomopskrifte:

LAND PRODUKSIE BESTELLING PRYS

9.2 Vertoon slegs die rekords van bestellings vir meer as 5.

9.3 Voeg 'n nuwe kolom, PRYSVERHOGING, in deur die PRYS met 10% te verhoog. Vertoon die antwoord as geldeenheid met GEEN desimaal nie.

9.4 Sleutel die woord TOTAAL in aan die einde van die verslag onder aan die LAND-kolom.

9.5 Bepaal die TOTAAL van die PRYS en vertoon die antwoord onderaan die PRYS-kolom as geldeenheid met GEEN desimaal nie.

9.6 Voeg KOFFIEBESTELLING links en jou EKSAMENNOMMER regs in as opskrif van die verslag.

9.7 Stoor en druk die verslag in portretoriëntasie.

[11]

TOTAAL AFDELING D: 30
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

REKENAARPRAKTYK N5

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 1

1.1 _____

1.2 _____

1.3 _____

1.4 _____

1.5 _____

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 _____

2.2 _____

2.3 _____

2.4 _____

(4 × 1) **[4]**

Kopiereg voorbehou